DEPARTMENT VAN LANDBOU, BOSBOU EN VISSERYE

No. R. 2437 28 Augustus 1992

PLANTVERBETERINGSWET, 1976
(WET No. 53 VAN 1976)

SUID-AFRIKAANSE PLANTSERTIFISERINGSKEMA VIR *Vitis*

Ek, Anton Tobias Meyer, Adjunkminister van Landbou, handelende namens die Minister van Landbou, kragtens artikel 23 van die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet No. 53 van 1976), stel hierby die Suid-Afrikaanse Plantsertifiseringskema vir Wyndruiwe in die Aanhangsel uiteengesit, in.

A.T. MEYER,
Adjunkminister van Landbou.

In hierdie Aanhangsel beteken “die Skema” die Suid-Afrikaanse Plant Sertifiseringskema vir Wyndruiwe soos gepubliseer by Goewerments-kennisgewing Nr. R. 2437 van 28 Augustus 1992, soos gewysig deur Goewerments-kennisgewing Nrs. R. 3460 van 31 Desember 1992, R. 1084 van 25 Junie 1993, R. 494 van 29 Maart 1996, R. 322 van 19 Maart 1999, R. 233 van 17 Maart 2000, R. 814 van 7 September 2007, R. 43 van 28 Januarie 2011 en R. 227 van 19 Maart 2021.

AANHANGSEL

[NOTA: Die syfers in vierkantige hakies by die opskrifte van artikels dui die nommers van die magtigende bepalings daarvan in die Wet aan.]

1. **Woordomskrywing** [23; 24(1)(q)]

In hierdie Skema, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

"**afwykende plant**" 'n plant wat nie variëteitseg is nie;

"**ander wingerd**" lote of plante van 'n spesie van die genus *Vitis* wat op 'n oppervlakte grond wat nie ingevolge hierdie Skema as 'n eenheid geregistreer is nie, voorkom;

"**bronplant**", met betrekking tot 'n bepaalde variëteit of 'n kloon daarvan, daardie plant wat as primêre bron van alle plante van die betrokke variëteit of kloon dien;

"**deelnemer**" iemand ten gunste van wie 'n eenheid ingevolge artikel 6 van hierdie Skema geregistreer is;
[Omskrywing van vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

"**die gesag**" die gesag in artikel 4.1 van hierdie Skema vermeld;

"**die Wet**" die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet No. 53 van 1976), en ook die regulasies daarkragtens uitgevaardig;

"**eenheid**" 'n oppervlakte grond wat ingevolge artikel 6 van hierdie Skema geregistreer is;

"**grond**" ook enige vaste of vloeibare stof wat as medium vir die verbouing van plante aangewend kan word;

"**grondveskwekeryplant**" plantmateriaal wat aan die vereistes voldoen wat in artikel 12 van hierdie Skema vir grondveskwekeryplante uiteengesit is;

"**grondvesplant**" plantmateriaal wat aan die vereistes voldoen wat in artikel 12 van hierdie Skema vir grondvesplante uiteengesit is;

"**kernplant**" plantmateriaal wat aan die vereistes voldoen wat in artikel 12 van hierdie Skema vir kernplante uiteengesit is;

"**kloon**" 'n kloon waarvan die benaming in die register in artikel 3.2 van hierdie Skema bedoel, aangeteken is;

"**kwekeryplant**" plantmateriaal wat aan die vereistes voldoen wat in artikel 12 van hierdie Skema vir kwekeryplante uiteengesit is;

"**moederplant**" plantmateriaal wat aan die vereistes voldoen wat in artikel 12 van hierdie Skema vir moederplante uiteengesit is;

"**pes**" enige spesie, ras of biotipe plant of dier of patogeniese agent wat beseringsof skade aan plante of plantprodukte kan veroorsaak;
[Toevoeging van omskrywing deur R. 227 van 19 Maart 2021]

„**plantmateriaal**“ lote en plante van die kategorieë in Bylae 3 vermeld;

“**Plantverbeteringsorganisasie**” (PVO) ’n geregistreerde lid wat nuwe of verbeterde variëteite of klone mag invoer, teel en selekteer onder die beskerming van die Wingerdverbeteringsvereniging (die aangewese owerheid wat die Skema administreer). Slegs PVO’s wat ingevolge die Skema geregistreer is, is gemagtig om klone van variëteite te registreer, om kern-, grondves- en moedereenhede te vestig en om gesertifiseerde plantmateriaal te vermeerder en te lewer ingevolge die skema;
[Toevoeging van omskrywing deur R. 227 van 19 Maart 2021]

„**registrateur**“ die Registrateur van Plantverbetering kragtens artikel 3(1) van die Wet deur die Minister van Landbou aangewys;

„**rougrond**“ grond waarin geen lote of plante van ‚n spesie van die genus *Vitis* gedurende die voorafgaande 10 jaar voorgekom het nie;

„**sertifiseer**“ om ingevolge hierdie Skema te sertifiseer; en het „gesertifiseer“ en „sertifisering“ ooreenstemmende betekenisse;

“**tafel- en droogdruiwe**” vrugte van daardie variëteite van die genus *Vitis* wat gebruiklikerwys vir vars verbruik en droging aangewend word;
[Toevoeging van omskrywing deur R. 227 van 19 Maart 2021]

"**variëteit**" 'n variëteit in artikel 3(1) van hierdie Skema bedoel;

"**variëteitseg**", met betrekking tot 'n plant van 'n bepaalde variëteit, dat sodanige plant ooreenstem met die erkende beskrywing in artikel 17 van die Wet bedoel, van 'n tipiese plant van daardie variëteit;

"**variëteitslys**" die variëteitslys in artikel 15 van die Wet bedoel;

"**verbou**", met betrekking tot plantmateriaal en plante, om sodanige plantmateriaal te versorg, of om die groei van sodanige plante te bevorder of te stimuleer met die oog daarop om plantmateriaal daarvan te verkry; en het "verbouing" 'n ooreenstemmende betekenis;

"**visueel vry**", met betrekking tot die voorkoms van 'n bepaalde insek of patogeen op plantmateriaal of 'n plant, dat -

(a) die gesag nie in staat is om die voorkoms van daardie insek of patogeen op sodanige plantmateriaal of plant visueel waar te neem nie tensy hy van 'n mikroskoop of vergrootglas gebruik maak; of

(b) die gesag, sonder om van 'n mikroskoop of vergrootglas gebruik te maak, visueel die kenmerkende simptome wat deur daardie insek of patogeen veroorsaak word, op sodanige plantmateriaal of plant waargeneem het, maar die toets, ondersoek of ontleding daarvan in 'n laboratorium nie die voorkoms van die betrokke insek of patogeen daarop openbaar het nie; en

"**wyndruiwe"** vrugte van daardie variëteite van die genus *Vitis* wat ingevolge artikel 5(1)(a) van die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet No. 60 van 1989), vir die produksie van wyn voorgeskryf is.
[Toevoeging van omskrywing deur R. 227 van 19 Maart 2021]

2. **Naam van Skema** [23; 24(1)(q)]

Hierdie Skema heet die Suid-Afrikaanse Plantsertifiseringskema vir *Vitis*.
[Artikel 2 gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]

3. **Toepassing van Skema** [23; 24(1)(f)]

3.1 Hierdie Skema is van toepassing op die klone in subartikel 3.2 bedoel, van daardie variëteite van die genus *Vitis* waarvan die benamings in die variëteitslys aangeteken is.

3.2 Die gesag hou 'n register van klone van die variëteite in subartikel 3.1 bedoel, wat erkende variëteite is van -

(a) wingerdonderstokke;

(b) tafel- of droogdruiwe; en

(c) wyndruiwe.

[Subartikel 3.2 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

3.3 'n Aansoek om die registrasie van 'n kloon met die oog op opname in die register in subartikel 3.2 bedoel, moet op 'n wyse deur die gesag bepaal, by die gesag ingedien word.

3.4 'n Aansoek in subartikel 3.3 bedoel, word slegs goedgekeur indien -

(a) alle tersaaklike besonderhede met betrekking tot die betrokke kloon deur 'n Plantverbeteringsorganisasie wat by die Wingerdverbeteringsvereniging in artikel 4.1 van hierdie Skema bedoel geregistreer is, aan die gesag voorgelê is; en
[Paragraaf (a) gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]

(b) die gesag oortuig is dat die betrokke kloon variëteitseg is, en dat dit of die produkte daarvan die ander eienskappe of kenmerke wat die gesag bepaal, openbaar.

3.5 Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie artikel kan die gesag bepaal dat al die bepalings van hierdie Skema van toepassing is op die ander variëteite en klone wat die gesag bepaal.

4. **Aanwysing van gesag** [23; 24(1)(a)]

4.1 Die uitvoerende raad van die Wingerdverbeteringsvereniging, 'n vrywillige vereniging wat 'n regspersoon is uit hoofde van 'n bepaling te dien effekte in sy grondwet, word hierby aangewys as die gesag vir die doeleindes van die uitoefening van die bevoegdhede, die verrigting van werksaamhede en die uitvoering van die pligte wat kragtens hierdie Skema aan die gesag verleen, toegewys of opgedra is.
[Subartikel 4.1 gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]

4.2 Die bevoegdhede, werksaamhede en pligte in subartikel 4.1 bedoel, word op eie koste en behoudens die voorskrifte van die registrateur deur die betrokke gesag uitgeoefen, verrig en uitgevoer, en genoemde gesag het geen reg van verhaal op die Staat vir enige koste aldus aangegaan nie.

5. **Voorwaardes vir sertifisering** [23; 24(1)]

Plantmateriaal kan gesertifiseer word indien aan die volgende vereistes voldoen word:

(a) Dit moet op 'n eenheid verbou wees.

(b) Dit moet verbou wees deur die deelnemer ten gunste van wie die betrokke eenheid geregistreer is ingevolge artikel 6 van hierdie Skema.
[Paragraaf (b) gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]

(c) Dit moet van plante verkry wees wat variëteitseg is en op die wyse in artikel 11 van hierdie Skema uiteengesit, gevestig en versorg word.

(d) Dit moet variëteitseg wees en aan die toepaslike vereistes vir plantmateriaal in artikel 12 van hierdie Skema bedoel, voldoen.
[Paragraaf (d) gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]

(e) Die eenheid waarop dit verbou is, moet ooreenkomstig die bepalings van artikel 13 van hierdie Skema ondersoek wees.

(f) Dit moet te alle tye ooreenkomstig die bepalings van artikel 14 van hierdie Skema opgeberg word.

(g) Dit moet in houers gevestig wees of ooreenkomstig die bepalings van artikel 16 van hierdie Skema in bondels opgemaak wees: Met dien verstande dat indien 'n goedkeuring ingevolge artikel 16.2 van hierdie Skema verleen is, dit ook in ongebondelde hoeveelhede gesertifiseer kan word.

(h) Die houers, bondels en ongebondelde hoeveelhede in paragraaf (g) bedoel, moet ooreenkomstig die bepalings van artikel 17 van hierdie Skema geëtiketteer wees.

(i) Dit moet ooreenkomstig die bepalings van artikel 18 van hierdie Skema vir sertifisering aangebied word.

(j) Al die ander bepalings van hierdie Skema met betrekking tot die betrokke plantmateriaal moet nagekom word.

6. **Registrasie van eenhede** [23; 24(1)(b), (c), (d), (e)]

6.1 'n Aansoek om die registrasie van 'n oppervlakte grond as 'n eenheid vir die doeleindes van hierdie Skema moet op 'n vorm en volgens die wyse deur die gesag bepaal, gedoen word.
[Subartikel 6.1 gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]

6.2 'n Aansoek in subartikel 6.1 bedoel, moet vergesel gaan van -

(a) 'n liggingskaart wat duidelik aantoon waar die betrokke oppervlakte grond geleë is; en

(b) die bedrag wat die gesag vir dié doel bepaal.

[Subartikel 6.2 gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]

6.3 'n Oppervlakte grond kan as 'n eenheid geregistreer word indien aan die volgende vereistes voldoen word:

(a) Die betrokke oppervlakte grond moet aan die toepaslike vereistes in artikel 10 van hierdie Skema bedoel, voldoen.

(b) Plantmateriaal moet ooreenkomstig die bepalings van artikel 11 van hierdie Skema op die betrokke oppervlakte grond gevestig wees.

(c) Die betrokke aansoeker moet die gesag voorsien van -

(i) 'n opgaaf in die formaat soos deur die gesag bepaal, betreffende die plantmateriaal van elke kloon wat op die betrokke oppervlakte grond gevestig is; en
[Subparagraaf (i) gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]

(ii) 'n plantplan van die vestiging van sodanige plantmateriaal daarop.

6.4 …….
[Subartikel 6.4 geskrap deur R. 227 van 19 Maart 2021]

6.5 'n Aansoek om die registrasie van 'n oppervlakte grond kan geweier word indien die gesag oortuig is dat -

(a) die bepalings van subartikel 6.3 nie ten opsigte van daardie oppervlakte grond nagekom is nie;

(b) die betrokke aansoeker -

(i) weens 'n gebrek aan kennis of fasiliteite tot sy beskikking, waarskynlik nie in staat sal wees om plantmateriaal te verbou wat geskik vir sertifisering sal wees nie; of

(ii) voorheen 'n deelnemer ingevolge hierdie Skema of die Wet was, en toe versuim het om aan die bepalings van hierdie Skema of die Wet of 'n voorwaarde daarkragtens bepaal, te voldoen;
[Paragraaf (ii) vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

(c) die betrokke oppervlakte grond -

(i) in 'n gebied geleë is wat hom nie leen tot die verbouing van plantmateriaal wat geskik vir sertifisering sal wees nie; of

(ii) nie geredelik vir die doeleindes van 'n ondersoek ingevolge hierdie Skema bereik kan word nie;

(d) die lewering van dienste ingevolge hierdie Skema op die betrokke oppervlakte grond, of in verband met die plantmateriaal wat daarop verbou sal word, nie geregverdig of doenlik is nie; of

(e) die betrokke aansoek 'n wesenlike wanvoorstelling bevat.

6.6 .....
[Subartikel 6.6 geskrap deur R. 814 van 7 September 2008]

6.7 Vanaf die datum waarop 'n eenheid ingevolge hierdie artikel geregistreer is, is die bepalings van hierdie Skema bindend vir die deelnemer ten gunste van wie die betrokke eenheid geregistreer is.
[Subartikel 6.7 gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]

7. **Termyn van registrasie** [23; 24(1)(d)]

Die registrasie van 'n eenheid verval wanneer al die plantmateriaal of plante wat daarop gevestig is, behalwe in die geval van 'n eenheid wat vir die verbouing van grondveskwekeryplante geregistreer is, daarvandaan verwyder word.
[Artikel 7 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

8. **Oordrag van registrasie** [23; 24(1)(q)]

8.1 Behoudens die bepalings van subartikel 8.3 is die registrasie van 'n eenheid nie aan iemand anders oordraagbaar nie.

8.2 Indien 'n deelnemer sy beskikkingsreg van 'n eenheid of die plante wat daarop gevestig is, aan iemand anders oordra, moet hy die gesag onverwyld skriftelik daarvan in kennis stel.
[Subartikel 8.2 gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]

8.3 Indien iemand aan wie 'n beskikkingsreg oorgedra is soos in subartikel 8.2 beoog, verlang om voort te gaan met deelname aan hierdie Skema ten opsigte van die betrokke eenheid, moet hy, ondanks die bepalings van artikel 6.2(b) van hierdie Skema, onverwyld ooreenkomstig artikel 6 van hierdie Skema 'n aansoek om die registrasie van daardie eenheid in sy naam indien.

9. **Intrekking van registrasie** [23; 24(1)(q)]

Die gesag kan te eniger tyd die registrasie van 'n eenheid intrek indien hy oortuig is dat -

(a) die toepaslike bepalings van hierdie Skema met betrekking tot die betrokke eenheid, die plantmateriaal of plante daarop gevestig of die plantmateriaal daarop verbou, nie nagekom is nie;

(b) omstandighede heers of inligting aan die lig gekom het wat, indien dit vroeër geheers of aan die lig sou gekom het, die weiering om die betrokke eenheid te registreer, tot gevolg sou gehad het;

(c) afwykende plante op die betrokke eenheid voorkom;

(d) 'n voedingsgebrek, uitdroging of fisiologiese, chemiese, hael-, koue-, insek- of patogeenbeskadiging van die plante op die betrokke eenheid, dit onmoontlik maak om die variëteitseienskappe van daardie plante of die voorkoms van insekte of patogene daarop behoorlik waar te neem;

(e) die betrokke deelnemer weier of versuim om die plantmateriaal wat op die betrokke eenheid verbou is, vir sertifisering aan te bied;
[Paragraaf (e) gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]

(f) .....
[Paragraaf (f) geskrap deur R. 814 van 7 September 2008]

(g) in die geval van 'n eenheid waarop plantmateriaal uit hoofde van 'n goedkeuring in artikel 11.1(b) van hierdie Skema bedoel, gevestig is, sodanige goedkeuring ingetrek is; of

(h) die sertifisering van die plantmateriaal wat op die betrokke eenheid gevestig is, ingevolge artikel 20 van hierdie Skema ingetrek is.

10. **Vereistes vir eenhede** [23; 24(1)(d)]

'n Eenheid moet ten tyde van die registrasie daarvan en te alle tye gedurende die termyn van registrasie daarvan, aan die toepaslike vereistes in Bylae 1 uiteengesit, voldoen.

11. **Vestigingsvereistes** [23; 24(1)(g)]

11. 1 (a) Behoudens die bepalings van paragraaf (b) en (c) mag slegs gesertifiseerde plantmateriaal van 'n kloon gebruik word om plante met die oog op die verbouing van plantmateriaal op 'n eenheid te vestig.

(b) (i) Die gesag kan op aansoek skriftelik goedkeuring verleen dat plantmateriaal wat variëteitseg is en in die Republiek ingevoer is, ooreenkomstig die bepalings van hierdie Skema aangewend word met die oog op die verbouing van lote van grondvesplante.

(ii) 'n Aansoek om so 'n goedkeuring moet skriftelik by die gesag ingedien word, en moet die redes vir sodanige aansoek en die ander besonderhede wat deur die gesag vereis word, vermeld.

(iii) 'n Goedkeuring in subparagraaf (i) bedoel, word slegs verleen indien die gesag oortuig is dat die betrokke plantmateriaal variëteitseg is en aan die toepaslike fitosanitêre vereistes in Bylae 2 uiteengesit, voldoen.

(iv) Iemand aan wie 'n goedkeuring in subparagraaf (i) bedoel, verleen is, moet vir 'n tydperk van vyf jaar volgende op die datum van sodanige goedkeuring volledige besonderhede in verband daarmee aanteken op die vorm en wyse wat die gesag bepaal.

(c) (i) Die gesag kan op grond van ‘n aansoek skriftelik goedkeuring verleen dat plantmateriaal van ander variëteite en klone wat afkomstig is van ‘n erkende plantteling- of evalueringsprogram soos deur die gesag ingevolge artikel 3.5 bepaal, ooreenkomstig die bepalings van hierdie Skema aangewend word met die oog op die verbouing van lote van grondves-, en grondveskwekeryplante.

(ii) ’n Aansoek om so ’n goedkeuring moet skriftelik by die gesag ingedien word, en moet redes vir sodanige aansoek en die ander besonderhede wat deur die gesag vereis word, vermeld.

(iii) 'n Goedkeuring in subparagraaf (i) bedoel, word slegs verleen indien die gesag oortuig is dat die betrokke plantmateriaal variëteitseg is en aan die toepaslike fitosanitêre vereistes in Bylae 2 uiteengesit, voldoen.

(iv) Iemand aan wie ’n goedkeuring in sub-paragraaf (i) bedoel, verleen is, moet vir ’n tydperk van vyf jaar volgende op die

datum van sodanige goedkeuring volledige besonderhede in verband daarmee aanteken op die vorm en wyse wat die gesag bepaal.

[Paragraaf (c) vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

11.2 Die plantmateriaal wat gebruik word om plante op 'n eenheid te vestig is, en die plante aldus gevestig, moet -

(a) by wyse van naamborde duidelik volgens kloon en variëteit geïdentifiseer word tensy die gesag op aansoek skriftelike vrystelling van hierdie vereiste verleen het;

(b) op 'n wyse versorg word wat bevorderlik is om plantmateriaal van 'n hoë gehalte te verkry;

(c) indien beoog vir die verbouing van plantmateriaal van moederplante, volgens kloon in afsonderlike rye gevestig word;

(d) op so 'n wyse gevestig word dat lote van plante van verskillende klone nie deurmekaar sal groei nie;

(e) in die geval van geënte plante, vry gehou word van lote wat uit die onderstokgedeelte daarvan ontwikkel het;

(f) nie deur onkruid oorgroei word nie; en

(g) variëteitseg wees.

11.3 .....
[Subartikel 11.3 geskrap deur R. 227 van 19 Maart 2021]

11.4 Behoudens die bepalings van artikel 9(f) van hierdie Skema moet 'n deelnemer alle afwykende plante en vermoedelik afwykende plante op 'n deurlopende grondslag uit 'n eenheid verwyder: Met dien verstande dat die gesag ten tyde van 'n ondersoek ingevolge hierdie Skema, 'n deelnemer of iemand wat in opdrag van 'n deelnemer optree, kan gelas om sodanige verwydering vir die duur van die betrokke ondersoek op te skort.
[Subartikel 11.4 gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]

11.5 .....
[Subartikel 11.5 geskrap deur R. 227 van 19 Maart 2021]

11.6 .....
[Subartikel 11.6 geskrap deur R. 227 van 19 Maart 2021]

12. **Vereistes vir plantmateriaal** [23; 24(1)(i)]

12.1 Plantmateriaal wat op 'n eenheid verbou word, moet -

(a) variëteitseg wees;

(b) aan die toepaslike fitosanitêre vereistes in Bylae 2 uiteengesit, voldoen;

(c) behalwe indien die gesag in 'n bepaalde geval anders bepaal, aan die toepaslike fisiese vereistes in Bylae 3 uiteengesit, voldoen; en

(d) indien beoog vir sertifisering as synde van 'n kategorie in kolom 1 van die tabel hieronder vermeld, te wees, verkry wees van plante gevestig van plantmateriaal van 'n kategorie in kolom 2 van genoemde tabel daarteenoor vermeld:

Kategorie gesertifiseerde plantmateriaal	**Kategorie plantmateriaal wat vir die vestiging van plante gebruik is**
1	**2**
1. Kernplante	Kernplante
2. Grondvesplante	Kernplante Grondvesplante
3. Grondves-kwekery plante	Kernplante Grondvesplante Grondveskwekeryplante
4. Moederplante	Kernplante Grondvesplante Grondveskwekeryplante
5. Kwekeryplante	Kernplante Grondvesplante Moederplante

12.2 Ondanks die bepalings van artikel 12.1 (d) –

(a) word plante wat verbou is van plantmateriaal waarvan toestemming ingevolge artikel 11.1 (c) van hierdie Skema verleen is, geag grondvesplante te wees;

(b) kan die gesag, in die geval van Tafel- en Droogdruiwe, op skriftelike aansoek deur ‘n PVO goedkeuring aan daardie PVO verleen dat, in uitsonderlike gevalle, plantmateriaal van moederplante verkry, vir die verbouing van bykomende moederplante aangewend word.

[Toevoeging van subartikel 12.2 deur R. 227 van 19 Maart 2021]

13. **Ondersoek van eenhede** [23; 24(1)(h)]

13. 1 Die plante wat op 'n eenheid gevestig is met die oog op die verbouing van plantmateriaal van kernplante of grondvesplante moet jaarliks deur die gesag ondersoek word tydens -

(a) die vroeë aktiewe groeistadium daarvan;

(b) die vroeë blaarvalstadium daarvan; en

(c) die russtadium daarvan.

13.2 (a) Die plante wat op 'n eenheid gevestig is met die oog op die verbouing van plantmateriaal van moederplante moet minstens een keer per jaar deur die gesag ondersoek word.

(b) Sodanige ondersoeke moet jaarliks op 'n beurtelingse grondslag tydens die stadiums in subartikel 13.1 bedoel, gedoen word.

13.3 Die plante op 'n eenheid waarop grondveskwekeryplante of kwekeryplante verbou word, moet jaarliks deur die gesag ondersoek word tydens die aktiewe groeistadium daarvan.

13.4 Die gesag kan soveel bykomende ondersoeke van 'n eenheid uitvoer as wat hy nodig ag.

13.5 Indien die gesag versuim om die vereiste ondersoeke in subartikels 13.1, 13.2 en 13.3 bedoel, uit te voer, word die sertifisering van die plantmateriaal wat op die betrokke eenheid verbou is, nie slegs uit hoofde daarvan geweier nie.

14. **Opberging van plantmateriaal** [23; 24(1)(k)]

Plantmateriaal wat vir sertifisering beoog word of gesertifiseer is, moet te alle tye op so 'n wyse opgeberg word dat -

(a) dit teen fisiologiese en fisiese beskadiging beskerm word;

(b) die plantmateriaal wat op verskillende eenhede verbou is, duidelik en opvallende geïdentifiseer kan word;

(c) die plantmateriaal van verskillende klone en variëteite duidelik en opvallend geïdentifiseer kan word; en

(d) dit afsonderlik van plantmateriaal gehou word wat nie vir sertifisering beoog word nie.

15. **Verwydering van plantmateriaal** [23; 24(1)(g), (q)]

15.1 Plantmateriaal wat op 'n eenheid verbou is, mag nie voor die sertifisering daarvan sonder die skriftelike goedkeuring van die gesag van die betrokke eenheid of uit die bewaring van die betrokke deelnemer verwyder word nie.
[Subartikel 15.1 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

15.2 'n Goedkeuring in subartikel 15.1 bedoel, word slegs verleen indien die betrokke deelnemer beoog om die betrokke plantmateriaal vir sertifisering aan te bied by die perseel waarheen dit verwyder sal word.

[Subartikel 15.2 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

15.3 Plantmateriaal wat ingevolge so 'n goedkeuring verwyder word, moet ten tyde van die verwydering daarvan paslik geïdentifiseer wees.

15.4 'n Deelnemer aan wie so 'n goedkeuring verleen is, moet die gesag onverwyld skriftelik in kennis stel van -

(a) die datum waarop die betrokke plantmateriaal verwyder is;

(b) die hoeveelheid plantmateriaal wat aldus verwyder is;

(c) die adres van die perseel waarheen daardie plantmateriaal aldus verwyder is, en die naam van die eienaar van die betrokke perseel; en

(d) die besonderhede wat gebruik word om daardie plantmateriaal te identifiseer.

[Subartikel 15.4 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

16. **Houers en bondels** [23; 24(1)(k), (l)]

16.1 Behoudens die bepalings van subartikel 16.2 moet plantmateriaal ten tyde van die sertifisering daarvan -

(a) in houers gevestig wees; of

(b) ooreenkomstig die bepalings van Bylae 4 in bondels opgemaak wees.

16.2 (a) Die gesag kan op aansoek skriftelike goedkeuring verleen dat ander plantmateriaal as kwekeryplante ten tyde van die sertifisering daarvan in ongebondelde hoeveelhede mag wees.

(b) Plantmateriaal ten opsigte waarvan so 'n goedkeuring verleen is, moet ten tyde van die sertifisering daarvan paslik geïdentifiseer wees.

17. **Etikettering van plantmateriaal** [23; 24(1)(k)]

17.1 (a) Elke houer, bondel of ongebondelde hoeveelheid plantmateriaal moet van 'n etiket voorsien wees wat op aanvraag van die gesag verkrygbaar is.

(b) Die bedrag vir dié doel deur die gesag bepaal, is betaalbaar ten opsigte van etikette wat aldus uitgereik is.

(c) Nadat die betrokke deelnemer die toepaslike besonderhede op sodanige etikette aangeteken het, moet hy dit aan die betrokke houers of bondels heg op die wyse deur die gesag bepaal.
[Paragraaf (c) vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

17.2 Die letter en syfers wat gebruik word om die betrokke besonderhede op sodanige etikette aan te dui, moet -

(a) van 'n lettertipe wees wat maklik leesbaar is;

(b) van 'n kleur wees wat duidelik kontrasterend is met die kleur van die etikette waarop dit verskyn; en

(c) onuitwisbaar aangebring word.

17.3 Geen ander besonderhede as dié wat vereis word om op 'n etiket in subartikel 17.1 bedoel, aangedui te word mag op so 'n etiket verskyn nie.

18. **Sertifisering van plantmateriaal** [23; 24(1)(j)]

18.1 (a) 'n Deelnemer moet die gesag minstens twee dae vooraf in kennis stel van die datum waarop kwekeryplante en grondveskwekery plante gereed sal wees om vir sertifisering aangebied te word.
[Paragraaf (a) vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

(b) Die gesag moet op of so spoedig moontlik na die datum waarvan hy in kennis gestel is soos in paragraaf (a) beoog, die betrokke kwekeryplante en grondveskwekery plante ondersoek ten einde te bepaal of dit gesertifiseer kan word.

18.2 (a) Die sertifisering van plantmateriaal word bevestig deur middel van 'n sertifikaat in die vorm deur die gesag bepaal.

(b) 'n Etiket wat ingevolge artikel 17 van hierdie Skema aan plantmateriaal in paragraaf (a) bedoel, geheg is, dien as bewys van die sertifisering van daardie plantmateriaal.

19. **Aantekeninge en opgawes** [23; 24(1)(m)]

19.1 Elke deelnemer moet die volgende besonderhede betreffende plantmateriaal wat deur hom aan iemand anders uitgereik is, aanteken:

(a) Die naam en adres van elke persoon aan wie 'n hoeveelheid van daardie plantmateriaal uitgereik is.

(b) Die benaming van die variëteit en kloon wat uitgereik is.

(c) Die hoeveelheid plantmateriaal van elke variëteit en kloon wat aan elke persoon uitgereik is.

(d) Die kategorie van elke hoeveelheid van daardie plantmateriaal wat uitgereik is.

[Subartikel 19.1 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

19.2 Elke deelnemer moet die volgende besonderhede betreffende elke lot gesertifiseerde plantmateriaal van 'n bepaalde kloon wat deur hom van 'n ander deelnemer vir entdoeleindes ontvang is, aanteken:

(a) Die getal entbare oë van die betrokke lot verkry.

(b) Die getal onderstokplantlote van die betrokke lot verkry.

(c) Die getal onderstokentlote van die betrokke lot verkry.

[Subartikel 19.2 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

19.3 Elke deelnemer moet die volgende besonderhede betreffende die etikette wat ingevolge artikel 17.1(b) van hierdie Skema aan hom uitgereik is, aanteken:

(a) Die getal ongebruikte etikette vanaf die voorafgaande jaar oorgedra.

(b) Die getal etikette wat gedurende die betrokke jaar deur hom ontvang is.

(c) Die getal etikette wat gedurende daardie jaar aan plantmateriaal geheg is.

(d) Die getal etikette wat gedurende daardie jaar beskadig of vernietig is.

(e) Die getal ongebruikte etikette op hande aan die einde van daardie jaar.

[Subartikel 19.3 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

19.4 Elke deelnemer moet jaarliks voor of op 15 November 'n opgawe van die besonderhede wat ingevolge subartikels 19.1, 19.2 en 19.3 aangeteken is, aan die gesag verstrek op die vorm en wyse deur die gesag bepaal.
[Subartikel 19.4 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

19.5 Elke deelnemer moet die volgende besonderhede betreffende plantmateriaal wat deur hom of haar in ‘n eenheid gevestig is om plante en plantmateriaal te verbou, per opgawe aanteken:

(a) Die naam en adres van die deelnemer;

(b) Die benaming van die variëteite en klone wat gevestig is;

(c) Die oorsprong van die variëteite en klone wat gevestig is;

(d) Die hoeveelheid plantmateriaal van elke variëteite en kloon wat gevestig is; en

(e) Die kategorie van elke hoeveelheid van daardie plantmateriaal wat gevestig is.

[Toevoeging van subartikel 19.5 deur R. 227 van 19 Maart 2021]

20. **Intrekking van sertifisering** [23; 24(1)(j)]

20.1 Die gesag kan te eniger tyd die sertifisering van plantmateriaal intrek indien hy oortuig is dat -

(a) die betrokke plantmateriaal nie variëteitseg is nie, of nie aan die toepaslike vereistes in artikel 12 van hierdie Skema bedoel, voldoen nie; of

(b) enige ander bepaling van hierdie Skema met betrekking tot die betrokke plantmateriaal nie nagekom is nie.

20.2 'n Deelnemer wat van die intrekking van die sertifisering van plantmateriaal in kennis gestel is, moet onverwyld -

(a) die etikette in artikel 17.1(b) van hierdie Skema bedoel, van die betrokke plantmateriaal wat nog in sy bewaring is, verwyder;

(b) elke persoon aan wie 'n hoeveelheid van die betrokke plantmateriaal gelewer is, skriftelik van die intrekking van die sertifisering daarvan in kennis stel, en elke sodanige persoon skriftelik versoek om sodanige etikette van daardie betrokke plantmateriaal te verwyder; en

(c) die gesag van 'n afskrif van elke sodanige kennisgewing deur hom uitgereik, voorsien.

[Subartikel 20.2 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

20.3 Die gesag kan die tersaaklike besonderhede van die intrekking van die sertifisering van plantmateriaal en die naam en adres van die deelnemer wat daardeur geraak word, by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak.
[Subartikel 20.3 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

21. **Ondersoeke** [23; 24(1)(o)]

21.1 Die ondersoekbevoegdhede in artikel 25(1) van die Wet bedoel, word hierby vir die doeleindes van die toepassing van hierdie Skema aan die gesag en aan iemand wat skriftelik deur die gesag gemagtig is om enige voorskrif van hierdie Skema af te dwing, verleen.

21.2 (a) Iemand wat kragtens subartikel 21.1 optree, kan van die eienaar of persoon in beheer van die betrokke plek, perseel of voertuig alle redelike bystand eis wat so iemand nodig ag om hom in staat te stel om die betrokke ondersoek uit te voer of 'n ander handeling in verband met die toepassing van hierdie Skema te verrig.

(b) Geen vergoeding is deur die gesag betaalbaar nie ten opsigte van -

(i) bystand ingevolge paragraaf (a) verleen; of

(ii) 'n monster wat tydens 'n ondersoek geneem is.

21.3 'n Ondersoek of ontleding ingevolge hierdie Skema word gedoen ooreenkomstig die metodes wat die gesag bepaal.

21.4 (a) Die getal plante wat op 'n eenheid ondersoek word, word vir die doeleindes van die toepassing van hierdie Skema geag verteenwoordigend te wees van al die plante op die betrokke eenheid.

(b) Die hoeveelheid plantmateriaal wat ondersoek word wanneer plantmateriaal vir sertifisering aangebied word, word geag verteenwoordigend te wees van die hoeveelheid wat aldus aangebied is.

(c) Die hoeveelheid grond of water wat ten tyde van 'n ondersoek ingevolge hierdie Skema as 'n monster geneem is, word geag verteenwoordigend te wees van die grond of water waaruit daardie monster geneem is.

22. **Diskresionêre bevoegdheid van gesag** [23; 24(1)(q)]

22.1 Die gesag kan enige aansoek of versoek wat ingevolge hierdie Skema by hom gedoen is, oorweeg, en kan enige ondersoek of navraag in verband daarmee doen wat hy nodig ag, en kan vir die doeleindes van sodanige ondersoek of navraag vereis dat die betrokke aansoeker die ander dokumente of bewys wat hy nodig het, aan hom voorlê.

22.2 'n Toestemming, goedkeuring of magtiging deur die gesag ingevolge hierdie Skema kan -

(a) onderworpe gemaak word aan die voorwaardes wat die gesag in elke geval skriftelik bepaal; en

(b) in 'n bepaalde geval, skriftelik deur die gesag gewysig of ingetrek word indien hy dit nodig ag.

22.3 Indien die gesag uit hoofde van 'n diskresionêre bevoegdheid hom by hiedie Skema verleen -

(a) weier om 'n aansoek of versoek wat skriftelik aan hom voorgelê is, goed te keur;

(b) 'n toestemming, goedkeuring of magtiging wysig of intrek;

(c) die registrasie van 'n eenheid intrek; of

(d) weier om plantmateriaal wat vir sertifisering aangebied is, te sertifiseer,

moet hy die betrokke aansoeker of persoon skriftelik van sy beslissing en van die gronde waarop dit gebaseer is, in kennis stel.

22.4 (a) Indien 'n intrekking of weiering in subartikel 22.3(c) of (d) bedoel, voortspruit uit 'n tekortkoming wat na die oordeel van die gesag moontlik deur die toepassing van die een of ander handeling of behandeling reggestel kan word, moet die gesag die betrokke deelnemer van sodanige tekortkoming en regstellende handeling of behandeling in kennis stel.

(b) Die gesag kan op aansoek van 'n deelnemer wat 'n regstellende handeling of behandeling waarvan hy in kennis gestel is soos in paragraaf (a) beoog, toegepas het, goedkeur dat die betrokke eenheid herondersoek of die betrokke plantmateriaal heraangebied word vir sertifisering met die oog op die moontlike opheffing van die betrokke intrekking of weiering.

[Subartikel 22.4 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

23. **Appèlle** [23; 24(1)(p)]

Die bepalings van artikel 32 van die Wet is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot iemand wat verontreg voel deur 'n beslissing van of enige stappe gedoen deur die gesag in verband met hierdie Skema.

24. **Betaling van gelde** [23; 24(1)(n)]

24.1 (a) Die toepaslike bedrag deur die gesag bepaal, is deur 'n aansoeker of deelnemer, na gelang van die geval, betaalbaar ten opsigte van 'n ondersoek of herondersoek wat ingevolge artikel 6.4, 13.1, 13.2 of 13.3, 18.1, 18.2 of 22.4(b) van hierdie Skema deur die gesag uitgevoer word.
[Paragraaf (a) gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]

(b) Die toepaslike bedrag deur die gesag bepaal, is deur 'n aansoeker of deelnemer, na gelang van die geval, betaalbaar ten opsigte van -

(i) die ondersoek van plante en lote vir die voorkoms van peste;

(ii) 'n laboratoriumondersoek vir peste;

(iii) die ontleding van ‘n grondmonster;

(iv) die ontleding van 'n watermonster;

(v) houtagtige indekserings; en

(vi) molekulêre variëteitsegtheid-identifiseringstoetse.
[Paragraaf (b) vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

24.2 'n Bedrag wat ingevolge hierdie Skema betaalbaar is, moet -

(a) aan die gesag betaal word; en

(b) aldus elektroniese oorbetaal word aan die Wingerdverbeterings-vereniging.
[Paragraaf (b) vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

24.3 Ondanks die bepalings van subartikel 24.2 sal 'n kontantbetaling aanvaar word indien dit per hand by die gesag afgelewer word.

24.4 'n Bedrag wat ingevolge hierdie Skema betaal is, is nie terugbetaalbaar nie.

24.5 Indien iemand weier of versuim om enige bedrag wat hy ingevolge hierdie Skema verskuldig is, te betaal, kan die gesag die sertifisering van plantmateriaal wat deur so 'n persoon vir sertifisering aangebied word, opskort totdat die betrokke bedrag deur hom betaal is.

25. **Adresse vir indiening van dokumente** [23; 24(1)(q)]

25.1 Enige aansoek, kennisgewing of ander stuk, asook enigiets in verband daarmee, wat ingevolge hierdie Skema by die gesag ingedien moet word, moet aan die Sekretaris, Wingerdverbeteringsvereniging, geadresseer en per elektroniese pos, of per pos aan Posbus 166, Paarl, 7622, gestuur, of per hand by die Agri Wes-Kaap Gebou, Markstraat 11, Paarl, afgelewer word.
[Subartikel 25.1 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]

25.2 Die stuk waarby 'n appèl ingevolge artikel 32 van die Wet aangeteken word, moet -

(a) wanneer per pos gestuur, geadresseer wees aan die Direkteur-generaal, Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, Privaatsak X250, Pretoria, 0001; en

(b) wanneer per hand ingedien, afgelewer word by die kantoor van die Direkteur-Generaal, Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, Agriculture Place, Steve Biko Straat 20, Pretoria.

[Subartikel 25.2 vervang deur R. 227 van 19 Maart 2021]